
# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 15

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewi[...]doemenis verlos en vir ons die genade van G[...]e geregtigheid en die ewige lewe verwerf.



Vraag 38: Waaro[...] Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?


Antwoord: Sodat Hy onsku[...]ur die wêreldlike regter veroordeel sou word [...]s daardeur sou bevry van die streng oordeel [...]d wat oor ons m[...]

Vraag [...]
gekrui[...]
nie?

[...]t Hy die [...]eneem het, omdat die kruisdood deur God vervloek is.

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het.



Jesaja 53:4: Hy is verag, deur mense verlaat, 'n mens van smarte, bekend met siekte, soos iemand vir wie 'n mens jou gesig verberg. Hy is verag, en ons het Hom nie geag nie.


Jesaja 53:12: Daarom sal Ek aan Hom 'n deel gee onder baie; en met magtiges sal Hy buit verdeel, omdat Hy sy lewe blootgestel het aan die dood, en by oortreders gereken is. Hy het egter die sonde van baie gedra; vir oortreders het Hy ingetree.

1 Timoteus 2:6: wat Homself as losprys vir almal gegee het, tot getuienis op die bestemde tyd.

1 Petrus 2:24: wat self ons sondes in sy liggaam aan die kruishout gedra het, sodat ons, noudat ons ons sondes afgesterf het, vir geregtigheid kan leef – Hy deur wie se verwonding julle genees is.

1 Petrus 3:18: Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring. Hy is wel liggaamlik doodgemaak, maar deur die Gees is Hy lewend gemaak.

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?



Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer

Jesaja 53:10: Maar die HERE het verkies om Hom te verbrysel; Hy het Hom siek gemaak. As sy lewe dien as 'n skuldoffer, sal Hy 'n nageslag sien en lank leef. Wat die HERE wil hê, sal deur sy hand suksesvol wees.

Romeine 3:25: God het Hom, deur sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van sy geregtigheid; want so het Hy in sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen gedoen is, oorgesien. Hy het sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar.

1 Korintiërs 5:7: Verwyder die ou suurdeeg, sodat julle nuwe deeg kan wees, soos julle inderdaad ongesuurde brood is. Want ook ons Pasgalam, Christus, is geslag

Efesiërs 5:2: en leef in liefde, net soos Christus ons liefgehad, en Homself ter wille van ons oorgegee het as 'n offergawe aan God, as 'n offerande met 'n aangename geur.


Hebreërs 9:28: so sal Christus, nadat Hy eenmalig geoffer is om die sondes van baie te dra, 'n tweede maal verskyn aan hulle wat Hom verwag, nie weens sonde nie, maar om hulle te verlos.

Hebreërs 10:14: Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.

1 Johannes 2:2: En Hy is die versoening vir ons sondes – nie net vir óns sondes nie; maar ook vir dié van die hele wêreld.

1 Johannes 4:10: Hierin bestaan die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het, en sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes.

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?



Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos


Galasiërs 3:13: Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.”

Kolossense 1:13: God het ons uit die mag van die duisternis gered, en verplaas na die koninkryk van sy geliefde Seun

Hebreërs 9:12: Hy het ook nie met die bloed van bokramme en bulkalwers nie, maar eens en vir altyd, met sy eie bloed, die heiligdom binnegegaan, en 'n ewige verlossing bewerkstellig.

1 Petrus 1:18-19: Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?



Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.

Johannes 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Johannes 6:51: Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam wat Ek gee vir die lewe van die wêreld."

Romeine 3:25, 26: God het Hom, deur sy bloed, daargestel as versoeningsoffer wat deur die geloof verkry word, as bewys van sy geregtigheid; want so het Hy in sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen gedoen is, oorgesien. Hy het sy geregtigheid in die huidige tyd bewys om so regverdig te wees en dié wat in Jesus glo, regverdig te verklaar.


2 Korintiërs 5:21: Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kon word.

Hebreërs 9:15: Aangesien daar 'n dood was, as losprys vir die oortredings, ten tyde van die eerste testament, is Hy juis daarom Middelaar van 'n nuwe testament, sodat dié wat geroep is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Hebreërs 10:19: Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom,

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word



Matteus 27:24: Toe Pilatus sien dat hy niks bereik nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en voor die skare sy hande gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Julle moet maar self toesien.

Lukas 23:14-15: en vir hulle gesê: “Julle het hierdie man voor my gebring as iemand wat die volk op 'n dwaalweg lei. En kyk, ek het hom in julle teenwoordigheid verhoor, en kon hierdie man nie skuldig bevind op enige van die aanklagte wat julle teen hom inbring nie. En Herodes kon ook nie, want hy het hom na ons teruggestuur. Hy het inderdaad niks gedoen wat die dood verdien nie.


Johannes 18:38: Pilatus sê toe vir Hom: “Wat is waarheid?” Nadat hy dit gesê het, het hy weer na die Jode uitgegaan en vir hulle gesê: “Ek vind geen skuld in hom nie.”

Johannes 19:4: Pilatus het weer uitgekom na buite en vir hulle gesê: “Kyk, ek bring hom vir julle na buite, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie.”

Johannes 19:11: Pilatus het weer uitgekom na buite en vir hulle gesê: “Kyk, ek bring hom vir julle na buite, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie.”

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom.




Psalm 69:5: Meer as die hare op my kop is hulle wat my sonder rede haat. Hulle wat my wil vernietig, is ontelbaar, hulle wat my ten onregte haat. Wat ek nie geroof het nie, moet ek nou teruggee.

Jesaja 53:4-5: Nogtans, ons siektes, Hy het dit gedra, en ons smarte, Hy het dit op Hom gelaai. Maar ons het Hom beskou as iemand wat gekasty word, geslaan deur God, en verneder. Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing.

2 Korintiërs 5:21: Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kon word.

Galasiërs 3:13: Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.”


Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?



Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het,

Galasiërs 3:13: Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang."

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?



Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood deur God vervloek is.

Deuteronomium 21:23: Iemand wat aan 'n paal gehang word, is immers 'n vervloekte by God. Jy mag nie jou grondgebied wat die HERE jou God vir jou as erfdeel gaan gee, verontreinig nie.

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf.

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood deur God vervloek is.

## SONDAG: 15 - VRAAG EN ANTWOORD: 37

Vraag: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het[1]. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer[2] ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos[3] en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf[4].

1 Jesaja 53:4; Jesaja 53:12; 1 Timoteus 2:6; 1 Petrus 2:24; 1 Petrus 3:18
2 Jesaja 53:10; Romeine 3:25; 1 Korintiërs 5:7; Efesiërs 5:2; Hebreërs 9:28; Hebreërs 10:14; 1 Johannes 2:2; 1 Johannes 4:10
3 Galasiërs 3:13; Kolossense 1:13; Hebreërs 9:12; 1 Petrus 1:18-19
4 Johannes 3:16; Johannes 6:51; Romeine 3:25; 2 Korintiërs 5:21; Hebreërs 9:15; Hebreërs 10:19

## SONDAG: 15 - VRAAG EN ANTWOORD: 38

Vraag: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word[1] en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom[2].

1 Matteus 27:24; Lukas 23:14-15; Johannes 18:38; Johannes 19:4; Johannes 19:11
2 Psalm 69:5; Jesaja 53:4-5; 2 Korintiërs 5:21; Galasiërs 3:13

## SONDAG: 15 - VRAAG EN ANTWOORD: 39

Vraag: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie:

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het[1], omdat die kruisdood deur God vervloek is[2].

1 Galasiërs 3:13
2 Deuteronomium 21:23